Die Nes / *The Nest*

(East Coast Foundation : Non-profitable Organization)

Soos gewoonlik het ons weer ‘n maand van wonderwerke beleef. Dit wissel van min kos na oorvloed en van spesifieke items waarvoor mense vra wat net wonderbaarlik verskyn. Byvoorbeeld een van die weke in April toe ons by die Nes kom is daar ‘n paar seuns tekkies wat net daar op die tafel staan. Elma sê toe sy dink dit sal ‘n seuntjie pas by wie se huis ons weekliks aflewer. Ons vat dit toe maar saam. Daar gekom vra ons sy ouma of die tekkies hom sal pas. Al wat sy toe uitkry is *dankie Here*. Die seuntjie het dadelik die tekkies aangetrek en dis nommerpas. Hy gaan haal toe sy ou tekkies om vir ons te wys dit was gedaan. God weet altyd wat ons nodig het en Hy voorsien.

Hierdie maand wil ek dit bietjie meer persoonlik maak. Ses jaar gelede het die Here my op die hart gelê om iewers betrokke te raak. Op daardie stadium was ek nog nie Lidmaat van die Gemeente nie maar my kinders stel toe *die Nes* voor. Con en Janet het my met ope arms verwelkom. Ek sal die Here vir ewig dankbaar wees dat Hy my na die Gees en Lewe Gemeente en *die Nes* toe gelei het. In die tyd wat ek by die Nes is het ek geestelik ontsettend baie gegroei. Dis glad nie n “glamorous” takie nie maar so vervullend. Om ander mense se lewens net ‘n klein bietjie makliker te maak, maak mens jou eie lewe die moeite werd. Ek probeer nie my eie beuel blaas nie, alle eer aan God! Ek dank God elke dag vir my gesondheid en krag om nog steeds elke Maandag met ‘n lied in my hart op te kan staan en Nes toe te kan kom. Ek wil dit regtig aanbeveel. Raak iewers aktief betrokke, maak nie saak hoe klein jou bydrae is nie die beloning is groot.

Ek kan nie nalaat om ons Verskaffers en Gemeentelede te bedank vir hulle bydraes nie. Ons kan nie die werk van die Here doen sonder julle nie.